# Gr 7 Oorsig: Afrikaans Huistaal

| **Kwartaal** | **Tekste in konteks waarbinne leer en onderrig plaasvind** | | |
|---|---|---|---|
| Kwartaal<br><br>1 | Drama<br>Week 1-5<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Luister Ass 1,4,6<br>Lu 2 Praat Ass 1,4,5,6<br>Lu 3 Lees en Kyk Ass 1,2,6,10<br>Lu 4 Skryf Ass 1,3,4<br>Lu 5 Dink en Redeneer Ass 1<br>Lu 6 Taalstrukture<br>Ass 1,2,3,4,5,6 | Multimedia<br>Week 6-9<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,2,7<br>Lu 2 Ass 2,3,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,3,4,5,7,8,10<br>Lu 4 Ass 1,2,4<br>Lu 5 Ass 1,2,3,4,5<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 | Gedigte<br>Week 10 - 11<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,5<br>Lu 3 Ass 1,5,8,10<br>Lu 4 Ass 1,3<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5 |
| Kwartaal<br><br>2 | Tekste uit ander leerareas<br>Week 1-4<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 2,3,7<br>Lu 2 Ass 2,5,6<br>Lu 3 Ass 2,3,4,7,8,9,10<br>Lu 4 As 1,2,4<br>Lu 5 Ass 1,2,3,4 | Kortverhale/Novelle/Fabel<br>Week 5-8<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,5,6<br>Lu 2 Ass 1,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,4,5,6,8,10<br>Lu 4 Ass 1,3,4<br>Lu 5 Ass 1 | Multimedia<br>Week 9-11<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,2,7<br>Lu 2 Ass 2,3,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,3,4,5,7,8,10<br>Lu 4 Ass 1,2,4<br>Lu 5 Ass 1,2,3,4,5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Lu 6 Ass 1,2,3,4,6 | Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 | Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 |
| Kwartaal<br><br>3 | Gedigte<br>Week 1-2<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,5<br>Lu 3 Ass 1,5,8,10<br>Lu 4 Ass 1,3<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5 | Kortverhale/Novelle/Fabel<br>Week 3-6<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,5,6<br>Lu 2 Ass 1,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,4,5,6,8,10<br>Lu 4 Ass 1,3,4<br>Lu 5 Ass 1<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 | Tekste uit ander leerareas<br>Week 7-10<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 2,3,7<br>Lu 2 Ass 2,5,6<br>Lu 3 Ass 2,3,4,7,8,9,10<br>Lu 4 As 1,2,4<br>Lu 5 Ass 1,2,3,4<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,6 |
| Kwartaal<br><br>4 | Multimedia<br>Week 1-3<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 2<br>Lu 2 Ass 2,4<br>Lu 3 Ass 3,5,6<br>Lu 4 Ass 2<br>Lu 5 Ass 2,3<br>Lu 6 Ass 4 | Drama<br>Week 4-7<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,4,6<br>Lu 2 Ass 1,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,6,10<br>Lu 4 Ass 1,3,4<br>Lu 5 Ass 1<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 | Kortverhale/Novelle/Fabel<br>Week 8 – 10<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,5,6<br>Lu 2 Ass 1,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,4,5,6,8,10<br>Lu 4 Ass 1,3,4<br>Lu 5 Ass 1<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 |
| Onthou: Die leerder moet voorberei word vir die formele taak daarom word die formele taak voorafgegaan deur 'n informele taak | | | |

# LESPLAN

(multimedia)

**Afrikaans Huistaal**

**Konteks**: Basta met Boelies!

| **Tyd:** 3 weke | | | **Graad:7** |
|---|---|---|---|
| **Lu en Ass** | **ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING (Ons stel die volgende voor)** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| Lees die koerantartikel, strokies, tabelle, nota, advertensies, onderhoude wat vanaf die internet verkry is, voor aan die leerders.<br><br>Lu 1 Luister<br><br>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos oorvertellings, sportkommentaar):<br><br>• beantwoord vrae wat toenemend moeilik word;<br>• **identifiseer perspektief, soos in twee vertellinge oor dieselfde insidient;**<br>• **vertel oor en som op**, met ondersteuning<br><br>Lu 2 Praat | Nota aan onderwyser: *(sien bl 17 van jou Prov Ass Guideline)*<br><br>**Formele Taak 9:**<br><br>Onderhoud/dialoog (gee vir hulle 'n bepaalde scenario – Basta met Boelies!) (20)<br><br>Sien rubriek/kontrolelys aangeheg<br><br>**Onthou: Taak 10 Eksamen (100)**<br><br>**Onthou vraestel 2 (skryfstukke) kan voor die eksamen geskryf word.**<br><br>Vraestel 2 moet 'n dialoog (20) en 'n ooggetuieverslag (20) bevat<br><br>Aktiwiteit 1 **(klasbespreking)**<br><br>Bespreek die volgende met die leerders in klasverband: | Onderwyser<br><br>Hele klasbespreking | In alle gevalle<br><br>Leerders het 'n **afskrif** (fotostaat) van die betrokke teks wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog |

| | | | |
|---|---|---|---|
| As 2 Voer interaksie in die addisionele taal:<br><br>• **gebruik taal vir 'n wye verskeidenheid funksies: gee uitdrukking aan menings en gevoelens, maak keuses, gee raad en maak voorstelle** (soos: Ek dink jy moet …);<br><br>• neem deel aan rolspel in verskillende situasies wat verskillende soorte taalgebruik behels (soos formele en informele telefoongesprekke).<br><br>As 4 **Begin sosiale en etiese kwessies debatteer:**<br><br>• ken spesifieke rolle toe (soos voorsitter, tydhouer, sekretaris);<br><br>• betrek ander by die bespreking (soos: Wat dink jy?);<br><br>• onderbreek die bespreking op 'n hoflike wyse (soos: Verskoon my …);<br><br>• gee mening/standpunt en redes daarvoor (soos: Ek sê dit, want …);<br><br>• toon instemming (soos: Ek stem saam …) of nie (soos: Ja, maar …);<br><br>• wissel tale af, indien nodig.<br><br><u>Lu 3 Lees en Kyk</u><br><br>As 3 Lees en reageer op sosiale tekste (soos eenvoudige uitnodigings, briewe);<br><br>• identifiseer doel, teikengroep en konteks. | ✓ *Dink julle dit is verkeerd om te boelie?*<br><br>✓ *Is daar iets wat 'n mens hieraan kan doen, of is dit 'n feit van die lewe?*<br><br>✓ *Wat kan **jy** hieraan doen?*<br><br>✓ *Dink jy jy was al ooit 'n boelie? Indien wel, hoekom het jy so opgetree?*<br><br>Laat almal spontaan deelneem aan die **klasbespreking.** Laat die leerders na mekaar **luister.** *(Laat hulle van die begin af 'n onderskeid maak tussen die slagoffer en die boelie)*<br><br>Laat hulle die kwessie debatteer en ken spesifieke rolle toe. Betrek almal by die bespreking en laat leerders hul mening/standpunt en redes daarvoor gee.<br><br><u>Aktiwiteit 2</u><br><br>Laat die leerders nou 'n berig of 'n DVD of aanlyn-videosnit **kyk** oor boelies en boelieverwante gebeure.<br><br>*Besoek 'n rekenaarlokaal met internettoegang of 'n DVD-lokaal. As sulke geriewe nie beskikbaar is nie, kan julle 'n relevante koerantberig bespreek. Hier is 'n paar ekstra bronne: <u>www.teachers.tv/bullying/clips</u> of <u>www.beatbullying.org/home.html</u>*<br><br><u>Aktiwiteit 3</u> (**navorsing)**<br><br>Laat leerders toe om **navorsing** te doen oor die onderwerp.<br><br>Daar is goeie videosnitte op <u>www.youtube.com</u> beskikbaar oor boelies. Tik "ABC" en "Bully" in die soekblok in om goeie snitte te sien wat op die Amerikaanse ABC-nuuskanaal verskyn het.<br><br>Laat die leerders navorsing doen by <u>www.google.com</u> en tik | Video-aanbieding<br><br>Of<br><br>Koerantbespreking<br><br>Navorsing<br><br>groepwerk | steeds **hoë verwagtinge** en 'n postiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel<br><br>Gebruik 'n **glimpen** *("highliter")* om net die sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers<br><br><u>Klaskameratmosfeer</u><br><br>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word<br><br>**<u>Hiperaktiewe kind:</u>** Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.<br><br>Leerders moet volgens hul vermoëns presteer.<br><br>**Sigbelemmerings:** **L**eerders kan wisselende grade van problem met druk (lettertipes en lettergroottes) grafika en |

| | | | |
|---|---|---|---|
| As 5 Ontleed advertensies en **pamflette:**<br><br>• identifiseer die teikengroep (Op wie is die advertensie gemik?);<br>• identifiseer die konteks (Waar word dié soort advertensies gesien?);<br>• identifiseer die boodskap;<br>• identifiseer emotiewe (affektiewe) taal;<br>• beskryf hoe die advertensie haar/hom laat voel en gee redes.<br><br>As 6 **Gebruik leesstrategieë:**<br><br>• pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe (soos: soeklees 'n telefoongids; stiplees instruksies; vluglees 'n koerant se opskrifte);<br>• gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende teks; kyk na illustrasies/diagramme; vra iemand om woorde te vertaal;<br>• begin om leesspoed te verbeter en te evalueer.<br><br><u>Lu 4 Skryf</u><br><br>As 2 Skryf 'n sosiale doel:<br><br>• skryf eenvoudige persoonlike briewe (soos: aanvaar 'n uitnodiging, reageer op 'n advertensie) en toon bewustheid van die kenmerke van die tekssoort. | die soekwoorde *bullying news* of *teachers bullying* in.<br><br>Soek **koerantknipsels** oor voorvalle wat die nuus gehaal het. Vra die leerders om ook geskikte stof uit 'n koerant klas toe te bring.<br><br><u>Aktiwiteit 4</u> **(leesstrategieë)**<br><br>Noudat die voorafgesprek oor die onderwerp/teks afgehandel is, kan daar gefokus word op **leesstrategieë.**<br><br>Laat leerders toe om **hardop** te lees of oefen **paarlees** of **herhaalde** lees en die belangrikste van almal **kritiese** lees.<br><br><u>Aktiwiteit 5</u> (pamflet)<br><br>Om bogenoemde leesstrategieë te oefen, kan die volgende in die klas gedoen word.<br><br>Laat leerders in groep of in pare die volgende inligting versamel om 'n **pamflet** te maak. Onthou ons kry 3 tipes pamflette – opvoedkundig, oorreding en 'n inligtingspamflet. (*Die groepe of pare moet self besluit watter tipe pamflet hul gaan maak.)*<br><br>Al die inligting wat versamel is, moet nou onder die volgende hofies of sub-hofies ingedeel word vir die maak van hul pamflet.<br><br>• Eienskappe van 'n boelie<br>• Eienskappe van 'n slagoffer<br>• Lys van tipiese boelie-gedrag<br>• Uitwerking wat boelies op hul slagoffers het<br>• Jou skool/klas se houding teenoor boelies | Leesstrategieë<br><br>Hardoplees/paarlees<br><br>rubriek<br><br>Self/leerder<br><br>Maak van 'n pamflet<br><br>Kontrolelys<br><br>Rubriek of portuurassessering | klei voorwerpe ondervind. Dit sal dan nodig wees vir getikte en/ of verbale uiteensetting nodig wees in die plek van visuele aanbiedings.<br><br>Alle visuele material moet ook van geskrewe verduidelikings/byskrifte voorsien wees. Wanneer visuele materiaal wel in die klas gebruik word, moet groot letters in **vetdruk** gebruik word.<br><br>**Gehoorbelemmerings**<br><br>Leerders kan verskillende grade van gehoorgestremdheid hê. Om sulke leerders te help moet stapsgewyse demonstrasies/visuele material/gebaretaal voorsien word wanneer die onderwyser mondelinge opdragte gee.<br><br>Leerders kan hulle lyftaal, dramatiserings en mimiek gebruik in die plek van woorde.<br><br>Maak gebruik van die maatsisteem waar leerders sonder gehoorprobleme maats met |

| | | | |
|---|---|---|---|
| <u>Lu 5 Dink en Redeneer</u><br><br>As 2 Gebruik taal om te dink:<br><br>• stel en beantwoord meer komplekse vrae (soos: Wat sal gebeur as …?);<br><br>• definieer en klassifiseer.<br><br>As 3 **Versamel inligting en teken dit op verskillende maniere op:**<br><br>• kies relevante inligting en skryf aantekeninge (identifiseer kernwoorde en -sinne, stel 'n lys belangrike punte saam);<br><br>• **doen eenvoudige navorsing** en skryf 'n **verslag wat instrumente soos grafieke, tabelle, diagramme en statistiek insluit**;<br><br>• **dra inligting van een modus na 'n ander oor (soos gebruik inligting uit 'n visuele of geskrewe teks om 'n grafiek of tabel te skep of byskrifte by 'n diagram te skryf).**<br><br><u>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik</u><br><br>As 4 Brei woordeskat uit:<br><br>• verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: gelede, verlede; deur, dier, duur; optel, oplaai);<br><br>• gebruik woorde wat ongeveer dieselfde beteken en woorde met teenoorgestelde betekenis;<br><br>• brei die gebruik van afleiding uit (soos: | • Mites en waarhede oor boelies<br><br>• Wat gaan in 'n boelie se kop aan? Hoekom doen hy of sy dit?<br><br>• Tegnieke waarmee 'n slagoffer boelies kan hanteer<br><br>• Jou SOS-nommer en noodplanne<br><br>**Onthou die volgende by die maak van jou tipe pamflet**:<br><br>Is die doel van die pamflet duidelik?<br>Is die inligting akkuraat en mooi gerangskik en maklik om te volg?<br>Is die pamflet mooi ontwerp en trek dit die leser se aandag?<br>Is daar grafieke, mooi prente, kleur en duidelike lettertipes en lettergroottes om die pamflet aantreklik te maak.<br><br>Lyk dit soos 'n opvoedkundige, inligting of oorredingpamflet?<br><br><u>Aktiwiteit 6</u> (**rolspel)**<br><br>Vermy volstruispolitiek! Dit help nie om jou **kop in die sand** te steek en te hoop die probleem gaan weg nie. As jy en jou vriende **niks doen** aan die probleem van boelies in jul skool nie, sal **boelies wen**.<br><br>Rolspel 'n geselsprogram waar 'n sekere tipe boelie aktiwiteit uitgebeeld word en 'n kenner op die gebied is dan die ateljee gas wat voorstelle maak hoe hierdie situasie hanteer en opgelos moet word. Onthou dat hierdie aktiwiteit gaan opgevolg word met 'n **skryftaak**: die skryf van 'n ooggetuieverslag en 'n dialoog<br><br>Deel die klas in groepe sodat elke groep 'n ander tipe boelie aktiwiteit kan uitbeeld en oplos.<br><br>**Groep 1**: Fisieke boelie, *hare trek, skouer stamp, slaan, klap,* | Rolspel - geselsprogram<br><br>Skryftaak: oogggetuieverslag en 'n dialoog<br><br>Rubriek of kontrolelyste | gehoorbelemmerings kan help<br><br>**<u>Swak gehoor</u>**<br><br>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk.<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes<br><br>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.<br><br>Verkort die aktiwiteit<br><br>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook |

| | | | |
|---|---|---|---|
| skrywer, verjaar);<br><br>• gebruik eenvoudige, alledaagse samestellings (soos: skooldas, koshuis);<br><br>• gebruik woordfamilies (soos: geluk, ongeluk, gelukkig, ongelukkig);<br><br>• gebruik 'n tweetalige en verklarende woordeboek. | *pooitjie, steel*<br><br>**Groep 2**: Emosionele boelie, *intimideer, breek selfbeeld af, afkraking*<br><br>**Groep 3**: Verbale boelie, *vloek, uittart, name noem, skinder, opmerkings maak oor uiterlike voorkoms, help stories versprei*<br><br>**Groep 4**: Sosiale boelie, *vriendskappe opbreek, uitskakel uit 'n groep, intimideer*<br><br>**Groep 5**: Sielkundige boelie, *intimidasie, oë trek, staar, forseer om verkeerde dinge te doen, op 'n agteraf manier*<br><br>**Groep 6:** "Cyber" boelie, *selfone – mixit, rekenaars - facebook* , *e-pos, landlyn boodskappe*<br><br>Aktiwiteit 7 (**dialoog)** 20 punte<br><br>Vind meer uit.<br><br>Jy wil mense help. Gaan praat met gesagsfigure om wenke te kry oor wat jy kan doen as iemand jou probeer boelie.<br><br>Onthou jou taalgebruik, want dit is 'n formele gesprek. Kry praktiese raad en wenke wat uitgevoer kan word.<br><br>Aktiwiteit 8 (**ooggetuieverslag)** 20 punte<br><br>Jy sien een van jou vriende word geboelie.<br><br>Jy probeer help maar dinge loop lelik skeef. Die polisie word ingeroep en nou sit julle in die aanklagkantoor van jul plaaslike polisiestasie. Daar word nou van jou verwag om 'n ooggetuieverslag te skryf van ongeveer 120 tot 140 woorde.<br><br>Aktiwiteit 9<br><br>Laat leerders in 'n woordeboek naslaan al die **sinonieme** wat hulle kan kry vir die woord boelie. Daar is 'n magdom | Self<br><br>Vra vrae<br><br>Skryf dialoog<br><br>kontrolelys<br><br>self<br><br>skryf ooggetuieverslag<br><br>rubriek<br><br>woordeboekgebruik | help.<br><br>Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal<br><br>Kry hulp van spesiale skole bv. braille<br><br>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse)<br><br>**Disleksie:** Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.<br><br>Begaafde leerders moenie verwaarloos word nie.<br><br>Begaafde leerders se kennis en verwysingsveld moet uitgebrei word. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | sinonieme: *afknou, baasspeel, karnuffel, mishandel, terg en teister*<br><br>Laat leerders nou **antonieme** opsoek vir bogenoemde skuinsgedrukte woorde.<br><br>Kyk wie die meeste kan kry. Bring weer die kompetisie element terug. Die pare wat die meeste korrek | | |

Hulpmiddels:: Prente, Woordeboek, Stories, Skryfbord, Speletjie, Spreker, Kasette, Rekenaar, Woordkaarte, TV , videobande

Nabetragting: Nie almal het toegang tot die internet nie

# LESPLAN

**Afrikaans Huistaal** **Konteks**: Drama

| **Tyd:** 3 weke | | | **Graad:7** |
|---|---|---|---|
| **LU EN ASS** | **ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING (Ons stel die volgende voor)** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| <u>Lu 1 Luister</u><br><br>As 1 **Luister** na en waardeer ekspressiewe, verbeeldings- en verhalende tekste (soos ballades, liedjies, kortverhale, vertellinge).<br><br>As 4 Identifiseer en interpreter die gebruik van **nie-verbale strtegieë (soos gesigsuitdrukkings, gebare** en volume)<br><br>As 6 Herken en ervaar **verskillende taalvariëteite**, soos **verskillende aksente, dialekte** en die **taal van verskillende ouderdomsgroepe (bv. Sleng).**<br><br><u>Lu 2 Praat</u><br><br>As 1 **Dra idees en gevoelens** op 'n ekspressiewe manier, met selfvertroue en met redelike ondersteuning **oor** deur geselekteerde mondelinge tekssoorte te gebruik (soos verhale, grappies, dramas).<br><br>As 4 Toon **basiese interaksievaardighede** deur aktief aan groepbesprekings, gesprekke, onderhoude | <u>Nota aan onderwyser (</u>*sien jou Prov Ass Guideline bl 14)*<br><br>Onthou in Huistaal word veral klem gelê op **skryf** en **lees** aktiwiteite.<br><br>**Formele Taak 9: (20 punte)**<br><br>Onderhoud/dialoog (gee vir hulle 'n bepaalde scenario – die botsing/konflik in die drama (20)<br><br>**<u>Onthou: Taak 10 Eksamen (100)</u>**<br><br>**Onthou vraestel 2 (skryfstukke) kan voor die eksamen geskryf word.**<br><br>Vraestel 2 moet 'n dialoog (20) en 'n ooggetuieverslag (20) bevat<br><br><u>Aktiwiteit 1</u><br><br>By die behandeling van 'n drama word dit aanbeveel dat die onderwyser die volgende doen:<br><br>• Verdeel die leerders in groepe of pare (*roteer groepe gereeld, maar maak seker dat 'n groepleier elke keer aangewys word.* ***Onthou*** *groepe kan ingedeel word* | Onderwyser | <u>In alle gevalle</u><br><br>Leerders het 'n afskrif nodig (fotostaat) van die kortverhaal/ novelle/ fabel wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog steeds **hoë verwagtinge** en 'n postiewe houding. Vermy stereotipering en |

| | | | |
|---|---|---|---|
| en debatte deel te neem:<br><br>bespreek belangrike kwessies (soos sosiale en morele kwessies betreffende menseregte en die omgewing);<br><br>neem verskillende rolle aan tydens debatte (soos voorsitter, spreker);<br><br>gee erkenning aan ander se menings;<br><br>verduidelik eie standpunt;<br><br>lewer kritiek;<br><br>oorbrug gapings deur vrae te stel, keuses te noem, reaksies oop te hou, ware belangstelling te toon;<br><br>toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;<br><br>bevraagteken onsensitiewe of diskriminerende taalgebruik.<br><br>As 5 Doen **mondelinge aanbiedings** met 'n mate van akkuraatheid en kreatiwiteit deur aandag te gee aan:<br><br>duidelike en hoorbare **uitspraak;**<br><br>die gebruik van **pouses;**<br><br>tempo- en volumewisseling;<br><br>doel en teikengroep;<br><br>**liggaamshouding** en -taal;<br><br>verskillende sosiale en kulturele konvensies; | *volgens belangstelling, geaardheid en hul vermoë )*<br><br>• Laat elkeen 'n gedeelte van die drama saggies vir die groep of maat voorlees.<br><br>• Elke groep/paar kan 'n gedeelte van die drama voor die res van die klas dramatiseer.<br><br>• Groepe/pare kan besluit om 'n karakter (of karakters), ruimte/omgewing te teken, 'n brief of e-pos aan 'n karakter te skryf, 'n berig oor 'n belangrike gebeurtenis te skryf, spotprent te teken, 'n collage te maak, 'n strokie te teken, 'n onderhoud te voer.<br><br>• Leerders kan artikels of visuele materiaal soek wat met die tema, karakters, omgewing of gebeure van die drama verband hou.<br><br>• Groepe/pare kry geleentheid vir stil, ononderbroke lees in die klas en groepbesprekings of klasbesprekings daarna.<br><br>• Integreer deurentyd ander vaardighede van die leeruitkomste (bv. praat, skryf) met die lees van die drama.<br><br>• Hou 'n vasvra oor die drama wat onderrig is – kombineer dit met 'n kompetisie, taak of projek<br><br><u>Aktiwiteit 2</u><br><br>Onderwyser sal die leerders vooraf bewus maak van die drama deur te verwys na die voorkoms van die drama, die voorblad en agterblad en die flapteks.<br><br>Wat sê die titel, subtitel, illustrasies en teks op die agterblad alreeds vir die leerder? Dit kan moontlik by die leerders herinneringe, assosiasies, persoonlike ervarings en gedagtes oproep en hulle sodoende **aanmoedig om vrae oor die** | Pare<br><br>Groeplees<br><br>Dramatiseer/rolspel<br><br>Praktiese oefening<br><br>vasvra | pas op vir vooroordeel<br><br>Gebruik 'n **glimpen** *("highliter")* om net die sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers<br><br>**Sigbelemmerings:**<br>**L**eerders kan wisselende grade van problem met druk (lettertipes en lettergroottes) grafika en klei voorwerpe ondervind. Dit sal dan nodig wees vir getikte en/ of verbale uiteensetting nodig wees in die plek van visuele aanbiedings.<br><br>Alle visuele material moet ook van geskrewe verduidelikings/byskrifte voorsien wees. Wanneer visuele materiaal wel in die klas gebruik word, moet groot letters in **vetdruk** gebruik word.<br><br>**Gehoorbelemmerings**<br><br>Leerders kan verskillende grade van gehoorgestremdheid hê. Om sulke leerders te help |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **gepaste tegnieke** soos klimaks en antiklimaks.<br><br>As 6 Herken en verduidelik die sukses van eie kommunikasie.<br><br><u>Lu 3 Lees en Kyk</u><br><br>As 1 Lees 'n verskeidenheid tekssoorte dikwels spontaan vir genot en inligting, beskryf persoonlike reaksies en bespreek die soort tekste wat hy/sy geniet.<br><br>As 2 Lees hardop en stil vir verskillende doeleindes deur **gepaste leesstrategieë** te gebruik (soos **vluglees, soeklees, stiplees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleiding).**<br><br>As 6 Toon **begrip van 'n teks**, die **doel** daarvan en hoe dit met eie leefwêreld skakel deur **die intrige, temas, karakters en ruimte**/**agtergrond te bespreek.**<br><br>As 10 Dink na oor sy/haar eie vaardighede as leser.<br><br><u>Lu 4 Skryf</u><br><br>As 1 **Skryf verskeie verbeeldingstekste**:<br><br>gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander;<br><br>verken die kreatiewe en speelse gebruik van taal deur die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, dialoë, gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies.<br><br>As 3 Toon basiese vaardighede in spesifieke skryftegnieke gepas vir 'n tekssoort: | **drama te begin vrae en voorspellings te waag.**<br><br><u>Aktiwiteit 3</u><br><br>Jy as onderwyser moet **gepaste agtergrondinligting** *(bv. drama speel af in die apartheidsjare, tydens die Tweede Wêreldoorlog in die konsetrasiekamp, Angloboere- oorlog met genl De La Rey)* **oor die drama gee** om die leerders se kennis te verbreed.<br><br><u>Aktiwiteit 4</u><br><br>Verduidelik aan die leerders enkele **kenmerke van 'n drama** soos die tema, motief, intrige, ruimte, karaktisering, **en woordeskat** wat die dramaturg gebruik het.<br><br><u>Aktiwiteit 5</u><br><br>Maak jou leerders vooraf bewus van die tema en/of boodskap van die drama. Skryf 'n paar sinne daaroor op die skryfbord en gesels oor wat moontlik die skrywer se doel met die werk was. Sodoende kry die leerders vooraf 'n idee van die doel van die drama en wat hulle gaan leer en ervaar as hulle die drama lees.<br><br><u>Aktiwiteit 6</u><br><br>Begelei jou leerders tydens lees deur vrae te vra oor betekenis van sekere moeilike woorde/ begrippe/ frases/ uitdrukkings/ figuurlike taal, poëtiese tegnieke, kenmerke van 'n drama, stylfigure sodat hulle verstaan wat hulle lees.<br><br>Natuurlik kan jy as onderwyser **inleidende aantekeninge** wat 'n breë raamwerk van die inhoud en struktuur bied, aan die leerdersgee soadt hulle dit self kan aanvul tydens die lees van die teks. | gesprek<br><br>gesprek<br><br>bespreking<br><br>onderwyser<br><br>werksvel<br><br>onderwyser<br><br>huiswerk | moet stapsgewyse demonstrasies/visuele material/gebaretaal voorsien word wanneer die onderwyser mondelinge opdragte gee.<br><br>Leerders kan hulle lyftaal, dramatiserings en mimiek gebruik in die plek van woorde.<br><br>Maak gebruik van die maatsisteem waar leerders sonder gehoorprobleme maats met gehoorbelemmerings kan help |

| | | | |
|---|---|---|---|
| skep ruimte en intrige in verhalende tekste;<br><br>gebruik saaklike taal in eenvoudige beskrywings;<br><br>As 4 Gebruik die skryfproses met hulp en saam met ander om tekste te skep:<br><br>gebruik kennis van ander tekssoorte as skryfmodelle;<br><br>beplan en ontwikkel 'n onderwerp deur relevante inligting uit gepaste bronne te gebruik;<br><br>organiseer idees samehangend en logies in 'n konsepweergawe;<br><br>dink na oor konsepweergawes en hou die doel, teikengroep, taalgebruik en logiese struktuur in gedagte tydens hersiening;<br><br>dink na oor en bespreek eie en ander se skryfwerk en toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;<br><br>redigeer en proeflees die finale weergawe en pas kennis van die taal binne konteks toe - fokus op grammatika, punktuasie en woordeskat gepas vir die graad, asook op 'n doeltreffende inleidende en slotparagraaf en hegte paragraafbou, waar gepas;<br><br>skryf die finale produk en gee aandag aan **aanbiedingswyse** en basiese ontwerpselemente.<br><br><u>Lu 5 Dink en Redeneer</u><br><br>As 1 Gebruik taal vir dink en redeneer:<br><br>**lei betekenis af** en verduidelik die skrywer se bedoeling deur geskrewe, **visuele en mondelinge tekste oor die kurrikkulum heen te** | <u>Aktiwiteit 7</u><br><br>Laat die leerders kolomme maak waarin elke karakter se naam geskryf word en langsaan kan hulle kort aantekeninge skryf oor iets belangriks in die drama soos die karakter se konflik, ruimte of tyd, spanning, wanneer iets met die karakter gebeur.<br><br><u>Aktiwiteit 8 ***(Visualisering)***</u><br><br>Die onderwyser lees ‘n paar beskrywende gedeeltes voor en die leerders skets/teken die toneel.<br><br>Hierna volg ‘n **gesprek** oor wat hulle geteken het. Die leerders kan ook individueel of in groepe, **prente, plakkate of modelle** maak van die milieu (omgewing) of karakters of hulle kan ‘n strokiesprentreeks (sien tydskrif *Mad* in CNA) teken van die verhaal.<br><br>Jul *Kuns en Kultuur onderwyseres* gaan dit evalueer en punt vir hom/haar leerarea toeken.<br><br><u>Aktiwiteit 9***(Bloom se taksonomie)***</u><br><br>Die onderwyser moet nie net kennis van die drama toets nie.<br><br>Vra vrae soos die volgende:<br><br>Hoe voel jy oor B?<br><br>Die leerders moet hulle in ‘n bepaalde karakter se posisie kan indink sodat hulle kan agterkom hoe die karakter moontlik sou voel en optree.<br><br>Moedig die leerders aan om selfstandig te dink. Gebruik dus “oop vrae” waar verskillende antwoorde aanvaar word omdat elkeen op ‘n ander motivering gebaseer is. | klaswerk/rofwerk<br><br>skets/teken ‘n toneel<br><br>onderwyser van ‘n ander leerarea<br><br>Bloom se taksonomie<br><br>Oop vrae | <u>**Swak gehoor**</u><br><br>Neem die pas ‘n bietjie stadiger en “scaffold” die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes<br><br>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.<br><br>Verkort die aktiwiteit<br><br><u>**Leerders met ‘n**</u> |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **eksperimenteer;**<br><br>verduidelik oorsaak en gevolg;<br><br>oorweeg twee moontlikhede en besluit watter een die beste keuse is;<br><br>ontwikkel en gee uitdrukking aan 'n duidelike eie mening;<br><br>staaf 'n argument met verskeie soorte bewyse (soos statistiese en ander bewyse);<br><br>stel vrae om eie en ander se denkwyse te ontwikkel;<br><br>gebruik gepaste taalstrukture om komplekse denke uit te druk (soos: Indien hulpbronne regverdig verdeel was, sou ons moontlik minder misdaad gehad het).<br><br><u>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik</u><br><br>As 1 Werk met woorde:<br><br>onderskei tussen klankgrepe en lettergrepe om die verskil tussen gesproke en geskrewe taal te verstaan;<br><br>gebruik kennis van basiese spelreëls en spelling om uitsonderings in spelpatrone te identifiseer;<br><br>gebruik hoofletters en skryftekens korrek en doeltreffend (kappie, koppelteken, deelteken, afkappingsteken en aksentteken);<br><br>skep eie spellys vir moeilike woorde, veral woorde van oor die kurrikulum heen;<br><br>gebruik 'n woordeboek en tesourus om woordeskat | <u>Voorbeelde van "oop vrae"</u><br><br>• Wat is die doel met 'n bepaalde gebeurtenis?<br>• Het jy iets belangriks uit hierdie drama geleer oor die wêreld waarin jy leef?<br>• Met watter van die karakters het jy die meeste simpatie? Hoekom?<br>• Aan wie het K jou laat dink? Verduidelik<br>• Dink jy M se optrede in ..... is geregverdig? Motiveer<br>• Wat dink jy het na die slotwoorde gebeur?<br><br><u>Aktiwiteit 10</u><br><br>Na elke toneel uit 'n drama kan leerders 'n kort opsomming skryf sonder om weer na die teks te kyk. Sodoende begin hulle met 'n eie kritiese interpretasie, asook met selfassessering.<br><br><u>Aktiwiteit 11</u> **(Cloze/sluitingstegniek)**<br><br>Die onderwyser maak 'n opsomming van die drama of 'n spesifieke toneel en laat elke sesde of tiende sleutelwoord uit. Na die lees van die drama of spesifieke toneel kan die leerders in pare die oefening voltooi deur die ontbrekende woorde in te vul.<br><br><u>Aktiwiteit 12</u> (**Oefen Paarlees**)<br><br>Hierdie leesstrategie word sterk aanbeveel vir gr 7 leerders omrede klasmaats mekaar ondersteun.<br><br>Laat die leerders saam hardop lees. Hou die volgende | opsomming<br><br>Cloze/sluitingstegniek<br><br>In pare<br><br>Paarlees | **<u>spraakgebrek</u>**<br><br>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer<br><br>**<u>Swak siende</u>**: Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter *font* gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.<br><br>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.<br><br>Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal<br><br>Kry hulp van spesiale skole bv. braille<br><br>Take moet ook |

| | | | |
|---|---|---|---|
| en spelvermoë uit te brei;<br><br>gebruik afleiding, samestelling en alledaagse voor- en agtervoegsels (ook meervouds-, verkleinings- en geslagsvorme) doeltreffend om woordeskat uit te brei;<br><br>identifiseer en gebruik woordfamilies en woorde oor dieselfde onderwerp om woordeskat te ontwikkel;<br><br>verstaan en gebruik algemene sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme en een woord vir 'n omskrywing gepas binne konteks;<br><br>gebruik alledaagse afkortings en akronieme gepas.<br><br>As 2 Werk met sinne:<br><br>identifiseer en gebruik die volgende in konteks:<br><br>* selfstandige naamwoorde (soortname, eiename, versamelname),<br><br>* voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik),<br><br>* hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoord en koppelwerkwoorde), medewerkwoorde (hulpwerkwoorde) en deelwoorde (ook in vaste verbindings),<br><br>* adjektiewe (ook die verboë vorm, trappe van vergelyking en intensiewe vorme),<br><br>* bywoorde (ook in vaste verbindings),<br><br>* voegwoorde,<br><br>* determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde), | ingedagte: woorde moet saam gelees word – die een leser moet nie na die ander een volg nie. Pas leesspoed by mekaar aan. Wanneer 'n leerder genoeg selfvertroue het om alleen te lees, luister sy maat aandagtig en gee positiewe terugvoer. Probleemwoorde of probleemfrases moet weer saam gelees word.<br><br>Aktiwiteit 13 (**Rolspel 'n onderhoud/dialoog – formele taak)**<br><br>Ons almal het al op TV (*veral Top Billing – SABC 3 Donderdae om 19:30*) gesien hoe daar met bekende rolprentsterre onderhoude gevoer word.<br><br>Die klas moet so 'n onderhoud voer met 'n karakter in die drama. Wanneer leerders 'n onderhoud voer, moet hulle nie net "ja" of "nee" antwoord nie. 'n oop vraag lok mense uit om meer te sê. *"Hou u van vis?"* is 'n geslote vraag. Met *"Van watter visse hou u en hoekom?"* sal jy baie meer inligting kry.<br><br>Laat die leerders hulle tipe vrae uit skryf en julle as 'n hele klas bepaal watter vrae is geslote vrae en watter vrae is oop vrae.<br><br>Hier is paar voorbeelde van oop vrae:<br><br>✓ Wat was die oorsaak?<br>✓ Wat het voorheen gebeur?<br>✓ Wat gaan hierna gebeur?<br>✓ Wat is die gevolge?<br>✓ Wat is baie goed/lekker?<br>✓ Wat is baie sleg/hartseer?<br>✓ Hoe voel u daaroor?<br>✓ Wat bedoel u? | Formele taak: onderhoud/dialoog<br><br>rubriek | vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse)<br><br>**Skryfprobleme**<br><br>Hou jou sinne kort<br><br>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf<br><br>**Disleksie:** Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.<br><br>In die klaskamer<br><br>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| * telwoorde,<br><br>* tussenwerpsels,<br><br>* voorsetsels;<br><br>gebruik verskillende sinsoorte (stel-, vraag-, bevel- en uitroepsinne, asook instruksies);<br><br>identifiseer en gebruik sinsdele soos onderwerp, gesegde en voorwerp;<br><br>identifiseer en gebruik hoofsinne en bysinne (bywoordelike en byvoeglik) gepas;<br><br>gebruik tydsvorme konsekwent en gepas;<br><br>gebruik die korrekte woordorde in sinne;<br><br>gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) en verstaan wanneer elkeen gepas is;<br><br>gebruik die ontkennende vorm korrek;<br><br>gebruik punktuasie doeltreffend (punt, komma, dubbelpunt, kommapunt, vraagteken, uitroepteken, aandagstreep, hakies, aanhalingstekens).<br><br>As 3  Werk met tekste:<br><br>wissel die gebruik van kern- en ondergeskikte sinne (soos om die kernsin aan die einde te plaas) om samehangende paragrawe te ontwikkel;<br><br>gebruik verbindingswoorde (soos omdat, dus, alhoewel) om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel;<br><br>verbind sinne in samehangende paragrawe deur voegwoorde, voornaamwoorde en woordherhaling | ✓ Hoe werk dit?<br><br>✓ Wat beteken dit?<br><br>✓ Waar kan ek nog uitvind?<br><br>Laat die leerders hierdie vrae in hul onderhoude gebruik.  Julle sal verbaas wees met watter vindingryke antwoorde die leerders na vore kom.<br><br><u>Aktiwiteit 14</u><br><br>Weet jou leerders waar en hoe om die **afkappingsteken** te gebruik?<br><br>Kom ons fokus op die volgende:<br><br>1. Die afkappingsteken word by enkele **tussenwerpsel** gebruik   *bv. b’r*<br><br>*2.* Dit word gebruik in woorde van **vreemde herkoms** in hulle **oorspronklike spelvorm**  *bv. Kidd’s Beach,  st. Michael’s,  hors d”oeuvre*<br><br>3. Dit word tradisioneel in sekere gevalle gebruik om aan te dui dat een of meer klanke in ‘n woord of woorde **nie uitgespreek word nie**.  *Bv.g’n (vir geen)*<br><br>4. Dit word gebruik by die meervouds- en verkleiningsvorme van soortname wat deur of met behulp van **syfers en getalle** aangedui word.<br>*Bv.* gr. 7’s,  .22’s<br><br>5. Dit word ook gebruik by die meervouds- en verkleiningsvorme van syfers en getalle.<br>*Bv. 1990’s,  10’e*<br><br>Die afkappingsteken staan ook bekend as die **apostroof.** | Fokus op verduideliking van die afkappingsteken<br><br>Leerders moet dit aan mekaar verduidelik | Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.<br><br><u>Klaskameratmosfeer</u><br><br>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word<br><br>**<u>Hiperaktiewe kind:</u>** Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook ‘n verskeidenheid van take wees.  Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.<br><br>Leerders moet volgens hul vermoëns presteer.<br><br>Skaam leerders of leerders met ‘n spraakgebrek kan hul voordrag of |

<table>
<tr>
<td>(waar gepas) te gebruik;<br><br>orden paragrawe in 'n logiese volgorde om langer tekste te skep.<br><br>As 4  Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:<br><br>gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte;<br><br>onderskei tussen formele en informele taalgebruik;<br><br>gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidioom gepas.<br><br>As 5  Ontwikkel kritiese taalbewustheid:<br><br>identifiseer taal wat iets anders beteken as wat gesê word - identifiseer geïmpliseerde betekenis;<br><br>identifiseer manipulerende taal;<br><br>identifiseer en gebruik woorde wat toenemende sensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.<br><br>As 6  Gebruik metataal:<br><br>gebruik byvoorbeeld terme soos "onderwerp", "afkorting", "aanhalingstekens".</td>
<td><u>Aktiwiteit 15</u><br><br>Ken jou leerders die verskil in betekenis by die los en vas skryf van die volgende woorde?<br><br>
<table>
<tr><th>los</th><th>vas</th></tr>
<tr><td>Aan een (vir een)</td><td>Aaneen (aanhoudend)</td></tr>
<tr><td>By mekaar (.... kuier)</td><td>Bymekaar (saam)</td></tr>
<tr><td>Blou oog (kleur van die oog)</td><td>Blouoog (gekneusde oog)</td></tr>
<tr><td>In gedagte (.. hou)</td><td>Ingedagte (afgetrokke)</td></tr>
<tr><td>Net nou (slegs nou)</td><td>Netnou (sy was .... hier of sy sal .... kom)</td></tr>
<tr><td>Vyf uur (tydsduur)</td><td>Vyfuur (tydstip)</td></tr>
<tr><td>In geval (.....van nood)</td><td>Ingeval (..dit gebeur)</td></tr>
</table>
<br>Maak jou eie lys van woorde waarmee jou leerders sukkel en gee dit vir hulle terug in die eksamen. Laat hulle die korrekte woord kies tussen hakies.<br><br>bv .Hy hou daarvan om (eenkant, een kant) te wees en meng nie graag met meisies nie.<br><br>Aan die (eenkant , een kant) is dit ‘n goeie ding, want hy is maar net 11 jaar oud – wat weet hy nou van ware liefde?</td>
<td>Maak jou eie lys<br><br>Verduidelik aan jou maat</td>
<td>terugrapportering tydens pouses of na skool doen terwyl die ander leerders nie in die klas is nie.<br><br>Begaafde leerders moenie verwaarloos word nie.<br><br>Begaafde leerders se kennis en verwysingsveld moet uitgebrei word</td>
</tr>
<tr>
<td colspan="4">Hulpmiddels: Fotostaat van storie, Prente, Liedjies, Woordeboek, Stories, Skryfbord, Speletjie, Spreker, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte,TV , videobande</td>
</tr>
</table>

| Nabetragting: |
| --- |

# LESPLAN

(kortverhale/fabel/novelle)

**Afrikaans Huistaal** **Konteks**: kortverhale/novelle/fabel

| **Tyd:** 3 weke | | | **Graad:7** |
| --- | --- | --- | --- |
| **Lu en Ass** | **ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING (Ons stel die volgende voor)** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| <u>Lu 1 Luister</u><br><br>As 2 Luister aandagtig vir spesifieke inligting en kerngedagtes en reageer gepas:<br><br>maak aantekeninge, som op en dra inligting akkuraat oor;<br><br>besin oor menings, stel weldeurdagte vrae en bevraagteken waar nodig.<br><br>As 3 Herken hoe bekende mondelinge tekste gestruktureer is en beskryf sommige kenmerkende eienskappe daarvan (soos weerverslae, aanwysings, | <u>Nota aan onderwyser: (</u>sien bl 14 van jou Prov Ass Guideline)<br><br>In Huistaal val die klem baie op **lees** en **skryf** aktiwiteite<br><br>**Formele take**: 20 punte<br><br>Onderhoud/dialoog<br><br><u>Aktiwiteit 1</u><br><br>Dit is die einde van die jaar. Het jy jou leerders blootgestel aan die volgende **funksionele** (kommunikatiewe) **tekste?**<br><br>✓ Kort verslae | | <u>In alle gevalle</u><br><br>Leerders het 'n afskrif nodig (fotostaat) van die teks wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en |

| | | | |
|---|---|---|---|
| grappies, liedjies). Dit sluit in: die herkenning van tegnieke wat vir humor gebruik word, soos pouses en eenvoudige trefreëls, en die identifikasie van die gebruik van byklanke in verskillende oudiovisuele tekste.<br><br>As 7 Identifiseer die waardes en die historiese, sosiale en kulturele konteks van spesifieke tekste.<br><br><u>Lu 2 Praat</u><br><br>As 2 Dra idees, feite en menings duidelik en met redelike akkuraatheid en samehang oor deur 'n beperkte verskeidenheid feitelike, mondelinge tekssoorte te gebruik (soos besprekings, kort argumente).<br><br>As 5 Doen mondelinge aanbiedings met 'n mate van akkuraatheid en kreatiwiteit deur aandag te gee aan:<br><br>duidelike en hoorbare uitspraak;<br><br>die gebruik van pouses;<br><br>tempo- en volumewisseling;<br><br>doel en teikengroep;<br><br>liggaamshouding en -taal;<br><br>verskillende sosiale en kulturele konvensies;<br><br>gepaste tegnieke soos klimaks en antiklimaks.<br><br>As 6 Herken en verduidelik die sukses van eie kommunikasie.<br><br><u>Lu 3 Lees en Kyk</u> | ✓ E-pos<br>✓ Sms's<br>✓ Kennisgewings<br>✓ Pamflette<br>✓ Poskaarte<br>✓ Briewe<br>✓ Telefoongesprekke<br><br>Weet hulle hoe dit lyk en wat is die vereistes vir die skryf daarvan?<br><br>Het jy jou leerders blootgestel aan die volgende **transaksionele** (kreatiewe) **tekste?**<br><br>✓ Berigte<br>✓ Artikels<br>✓ Advertensies<br>✓ **Dialoog (onderhoud)**<br>✓ Resensie<br>✓ Vertelling (tydlyn)<br><br>Tydends die behandeling van 'n novelle, kortverhaal of 'n fabel kan bogenoemde behandel word.<br><br><u>Aktiwiteit 2</u><br><br>Wanneer leerders 'n kortverhaal lees, moet hulle weet wie die **karakters** is en kan hulle die **plek** bepaal waar die verhaal plaasvind. Kan jou leerders die **gebeure of intrige** van die | Onderwyser<br><br>breinstorm<br><br>Klas | buigbaar/buigsaam en **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog steeds **hoë verwagtinge** en 'n postiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel<br><br>Gebruik 'n **glimpen** *("highliter")* om net die sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers<br><br>Skaam leerders of leerders met 'n spraakgebrek kan hul voordrag of terugrapportering tydens pouses of na skool doen terwyl die ander leerders nie in die klas is nie. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| As 2 Lees hardop en stil vir verskillende doeleindes deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos vlugleed, soeklees, stiplees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleiding).<br><br>As 3 Identifiseer die doel, teikengroep en konteks van 'n teks.<br><br>As 4 Toon begrip van informatiewe tekste:<br><br>identifiseer hoofgedagtes en verduidelik hoe besonderhede dit ondersteun;<br><br>maak 'n opsomming van kernfeite.<br><br>As 7 Identifiseer en bespreek die tegnieke wat gebruik word om 'n spesifieke effek in geselekteerde visuele, geskrewe en multimedia-tekste te bereik:<br><br>eenvoudige literêre tegnieke en taalgebruik (soos woordspeling, register);<br><br>ontwerpstegnieke (soos keuse en plasing van prente/foto's, gebruik van lettergrootte en lettertipe, kleur);<br><br>kamera- en filmtegnieke (nabykskote, zoemskote).<br><br>As 8 Reageer krities op tekste:<br><br>identifiseer die skrywer se standpunt;<br><br>identifiseer implisiete (verskuilde) boodskappe;<br><br>identifiseer opvallende partydigheid en vooroordeel;<br><br>identifiseer maniere waarop die skrywer die lees van die teks deur sorgvuldige woordkeuse vorm.<br><br>As 9 Identifiseer en bespreek die sosiale, kulturele, | verhaal oorvertel en kan hulle die **tyd** aflei wanneer die gebeure plaasgevind het?<br><br>Aktiwiteit 3<br><br>Kom ons verfris jul geheue en kyk gou na die **kenmerke van 'n kortverhaal.** *(deur middel van vrae en antwoord metode)*<br><br>**1. Karakterisering** (karakteropenbaring of karakterontwikkeling)<br><br>Die karakters word direk beskryf. Deur die karakters se optrede , leer jy hulle beter ken. Deur wat die karakter sê en dink, met ander woorde hul dialoog en gedagtegang leer jy hul beter leer ken. Partykeer beskryf die karakter se naam *(of hul bynaam)* hul persoonlikheid en hul karakter.<br><br>**2. Verteller**<br><br>Ken jou leerders die verskil tussen 'n ek-verteller en die alomteenwoordige verteller?<br><br>**3. Tema (motief of kernidee)**<br><br>Vra jouself die vraag: Waaroor gaan dit nou eintlik in hierdie verhaal?<br><br>**4. Intrige**<br><br>Intrige dui op 'n patroon waarvolgens gebeure plaasvind. Die intrige orden aksie en karakters beteknisvol in 'n tyd en omgewing. Dit kan as volg voorgestel word.<br><br>○ Die probleem: Die intrige bepaal die hoofkarakter se dilemma en faktore wat tot | Vrae en antwoord metode | Leerders moet volgens hul vermoëns presteer.<br><br>**Leerders met 'n spraakgebrek**<br><br>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer<br><br>Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk |

| | | | |
|---|---|---|---|
| omgewings- en etiese kwessies in tekste (soos duidelik in aspekte soos inhoud, taal, kunswerk, karakterisering blyk).<br><br>As 10 Dink na oor sy/haar eie vaardighede as leser.<br><br><u>Lu 4 Skryf</u><br><br>As 1 Skryf verskeie verbeeldingstekste:<br><br>gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander;<br><br>verken die kreatiewe en speelse gebruik van taal deur die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, dialoë, gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies.<br><br>As 2 Skep verskeie feitelike skriftelike en multimodale tekste (tekste met druk en beelde) vir verskeie doeleindes deur, waar gepas, visuele beelde en ontwerpe in ooggetuieverslae, plakkate, advertensies, boekresensies, resepte, instruksies vir speletjies te gebruik.<br><br>As 4 Gebruik die skryfproses met hulp en saam met ander om tekste te skep:<br><br>kies en ondersoek onderwerpe deur die gebruik van dinkskrumtegnieke, kopkaarte, vloeidiagramme en lyste;<br><br>gebruik kennis van ander tekssoorte as skryfmodelle;<br><br>beplan en ontwikkel 'n onderwerp deur relevante inligting uit gepaste bronne te gebruik;<br><br>organiseer idees samehangend en logies in 'n | die probleem aanleiding gee.<br><br>○ Konflik: Die sentrale gebeurtenis (botsing) wat lei tot 'n hoogtepunt.<br><br>○ Ontknoping: Die einde van die verhaal of die oplossing word aangebied<br><br>**5. Tyd**<br><br>Dit behels die orde – die verloop van gebeure. Ons onderskei tussen *vertelde tyd* en *verteltyd.*<br><br>○ **Vertelde tyd:** Dit is die tydperk waarin die verhaal afspeel, bv een dag of twee maande.<br><br>○ **Verteltyd:** Dit is hoe lank dit duur om die verhaal te vertel. Dit verwys nie na die tyd nie, maar na die lengte van die verhaal, bv een bladsy.<br><br>**6. Bou**<br><br>Die bou van 'n kortverhaal kan soos volg voorgestel word:<br><br>○ Bekendstelling aan persone en omstandighede<br><br>○ Verwikkelinge (opbou van spanning tot 'n hoogtepunt<br><br>○ Die slot of oplossing<br><br>**7. Milieu (omgewing, ruimte, agtergrond)**<br><br>Die milieu is die fisieke agtergrond of tydperk waarin die verhaal afspeel. Die plek en omstandighede kan | | Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes |

| | | | |
|---|---|---|---|
| konsepweergawe;<br><br>dink na oor konsepweergawes en hou die doel, teikengroep, taalgebruik en logiese struktuur in gedagte tydens hersiening;<br><br>dink na oor en bespreek eie en ander se skryfwerk en toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;<br><br>redigeer en proeflees die finale weergawe en pas kennis van die taal binne konteks toe - fokus op grammatika, punktuasie en woordeskat gepas vir die graad, asook op 'n doeltreffende inleidende en slotparagraaf en hegte paragraafbou, waar gepas;<br><br>skryf die finale produk en gee aandag aan aanbiedingswyse en basiese ontwerpselemente.<br><br><u>Lu 5 Dink en Redeneer</u><br><br>As 1 Gebruik taal vir dink en redeneer:<br><br>lei betekenis af en verduidelik die skrywer se bedoeling deur geskrewe, visuele en mondelinge tekste oor die kurrikkulum heen te eksperimenteer;<br><br>verduidelik oorsaak en gevolg;<br><br>oorweeg twee moontlikhede en besluit watter een die beste keuse is;<br><br>ontwikkel en gee uitdrukking aan 'n duidelike eie mening;<br><br>staaf 'n argument met verskeie soorte bewyse (soos statistiese en ander bewyse);<br><br>stel vrae om eie en ander se denkwyse te ontwikkel; | bydra tot die tema, atmosfeer en karakterisering. Dink bv aan 'n tronksel, 'n troue in die kerk of 'n restaurant soos *Oppiekoffie* of *Binnelanders se hospitaal*<br><br>*8.* **Toon**<br><br>Dit is die atmosfeer wat in die verhaal heers. Goeie woordkeuse dra by tot die stemming/atmosfeer van die omstandighede/situasie en die skrywer se gevoelens daaroor. Bv . tronksel (gebruik van die volgende woorde: *pikdonker, somber, geknars van die draai van die sleutel in die slot, boeie, skril stem)*<br><br>*9.* **Taal en styl**<br><br>Styl is die **manier waarop die taal aangebied word**. Woordkeuse, sinslengte en sinstruktuur dra by om 'n bepaalde atmosfeer te skep. Dink bv aan die volgende: *Kort woorde, kort klanke* – wat is die boodskap wat oorgedra word?<br><br><u>Aktiwiteit 4</u> (Wat is 'n fabel, sprokie, legendes?)<br><br>Sprokies, mites, legendes, fabels, belewenisse, sages het ontstaan as mondelinge literatuur wat van geslag tot geslag oorvertel is. Die **doel** van bogenoemde is om die **gehoor te vermaak.**<br><br>Kom ons kyk na enkele **kenmerke:**<br><br>• Karakters het nie eiename nie en staan bloot bekend as byvoorbeeld "die vrou", "die jakkals"<br><br>• Fabels, sprokies, legendes begin en eindig gewoonlik met kenmerkende sinsdele. Voorbeelde van die inleiding is: *"Daar was eendag...." Lank, lank gelede, toe ..... " In die tyd toe....."* | Verduideliking<br><br>onderwyser | Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.<br><br>Verkort die aktiwiteit<br><br>**Sigbelemmerings:**<br>**L**eerders kan wisselende grade van problem met druk (lettertipes en lettergroottes) grafika en klei voorwerpe ondervind. Dit sal dan nodig wees vir getikte en/ of verbale uiteensetting nodig wees in die plek van visuele aanbiedings.<br><br>Alle visuele material moet ook van geskrewe verduidelikings/byskrifte voorsien wees. Wanneer visuele materiaal wel in die klas gebruik word, moet groot letters in **vetdruk** gebruik word. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| gebruik gepaste taalstrukture om komplekse denke uit te druk (soos: Indien hulpbronne regverdig verdeel was, sou ons moontlik minder misdaad gehad het).<br><br>As 2 Gebruik taal om te ondersoek:<br><br>identifiseer inligting wat nodig is om 'n probleem te ondersoek;<br><br>gebruik kernwoorde en -begrippe om relevante inligtingsbronne te kies;<br><br>luister, lees en kyk na tekste uit 'n verskeidenheid bronne om idees te versamel en te kies;<br><br>gebruik gepaste verwysingstegnieke en -konvensies wanneer inligting uit bronne aangehaal word (soos skrywer, titel, datum, uitgewer, bladsynommers, webwerf);<br><br>werk aan geïntegreerde projekte oor leerareas heen en skep 'n samehangende produk.<br><br>As 3 Verwerk inligting:<br><br>hou rekord van inligting in 'n gepaste formaat (soos lyste, kopkaarte, aantekeninge, opsommings);<br><br>organiseer inligting op 'n gepaste manier (soos volgens tyd, belangrikheid);<br><br>verander inligting van een formaat (of taal, indien nodig) na 'n ander (soos 'n kopkaart na 'n paragraaf, 'n lys na 'n opsomming);<br><br>besin krities deur idees te deel en te vergelyk;<br><br>vergelyk verskillende standpunte en identifiseer | Slotdele is byvoorbeeld: “*Dit is al”, “Die storie is klaar”*<br><br>Verhale wat ‘n verduideliking bied, eindig dikwels met sinsdele soos: “*Van daardie dag af...”, Dit is hoe dit gekom het dat .....”*<br><br>• In hierdie tipe verhale is alles moontlik. Jy kan jou **verbeelding gebruik**, daarom kan diere byvoorbeeld praat.<br><br>• Die tipe verhale dra op vermaaklike wyse ‘n **lewensles** oor. Soms verklaar dit ook hoekom die een of ander dier in onguns verval het.<br><br>• **Frases en liedjies word herhaal** om belangrike dele in die verhaal uit te lig.<br><br>• Daar is persoonlike kontak tussen die verteller en die gehoor en die verteller se voorkoms, stemtoon en handgebare beïnvloed die gehoor se interpretasie van die verhaal.<br><br>• Hierdie tipe verhale word in die **verledetydsvorm** vertel.<br><br><u>Aktiwiteit 5</u><br><br>Terwyl daar aan die kortverhaal gelees word moet jy as onderwyser die leerders aanmoedig om moeilike woorde en frases in die kortverhaal/fabel te onderstreep.<br><br>Jy kan hulle ook aanmoedig om vrae in die kantlyn of in hul werkboeke neer te skryf. Of laat hulle die volgorde van gebeure nommer of notas maak van enigiets wat vir hulle belangrik, interessant of onduidelik is. | Self<br><br>huiswerk | **Gehoorbelemmerings**<br><br>Leerders kan verskillende grade van gehoorgestremdheid hê. Om sulke leerders te help moet stapsgewyse demonstrasies/visuele material/gebaretaal voorsien word wanneer die onderwyser mondelinge opdragte gee.<br><br>Leerders kan hulle lyftaal, dramatiserings en mimiek gebruik in die plek van woorde.<br><br>Maak gebruik van die maatsisteem waar leerders sonder gehoorprobleme maats met gehoorbelemmerings kan help |

| | | | |
|---|---|---|---|
| ooreenkomste en verskille;<br><br>gebruik gepaste taal om vergelykings te tref (soos: "eenders as", "verskillend van");<br><br>kies die beste en mees gepaste inligting uit verskeie bronne en voeg dit by eie idees in 'n samehangende werkstuk of aanbieding;<br><br>As 4 **Dink kreatief:**<br><br>**visualiseer, voorspel, fantaseer en empatiseer** om betekenis te skep en probleme op te los;<br><br>gebruik skryf om idees te ontwikkel (soos: joernale, vrye skryf, dinkskrumtegnieke, kopkaarte);<br><br>verbeel moontlikhede en alternatiewe om denke uit te brei (stel hipoteses en spekuleer);<br><br>oorweeg verskille en gebruik dit skeppend (soos verskille in ervaring, kultuur, belangstellings en persoonlikheid);<br><br>vergelyk hoe verskillende tale terme en verskillende leerareas uitdruk en skep skakels om met begrip en probleemoplossings te help.<br><br>gebruik taal oor die kurrikulum heen om probleme op te los (bv. Kodewisseling);<br><br><u>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik</u><br><br>As 1 Werk met woorde:<br><br>onderskei tussen klankgrepe en lettergrepe om die verskil tussen gesproke en geskrewe taal te verstaan;<br><br>gebruik kennis van basiese spelreëls en spelling om | <u>Aktiwiteit 6</u><br><br>Jy as onderwyser moet **deurlopend vrae stel** om leerders te betrek by die lees van die kortverhaal, menings uit te lok, inligting te kry, nuuskierigheid te prikkel en om die leerders se vlak vanbegrip van die kortverhaal te bepaal.<br><br><u>Aktiwiteit 7</u><br><br>Die kortverhaal of fabel kan aangevul word deur **visuele of oudiovisuele voorstellings,** prente en illustrasies. 'n Groep of individuele leerders kan hieraan deelneem.<br><br>Laat die leerders die omgewing/ruimte of milieu uitbeeld deur middel van illustrasies en prente.<br><br>Laat die leerders die kortverhaal in **strokiesverhaal vorm** uitbeeld. *(prentjies of illustrasies wat in raampies opmekaar volg)* Jy sien wie die karakters is, wat hulle vir mekaar sê, wat hulle doen, waar hulle is en partykeer wanneer dit gebeur. Die woorde (dialoog) van die karakters word gewoonlik in prentraampies aangedui en hulle gedagtes in praatborrels.<br><br>Laat die leerders mekaar se strokiesverhale evalueer en kyk of hulle by die oorspronklike verhaal gehou het. Indien leerders afgewyk het, wys hulle daarop.<br><br><u>Aktiwiteit 8</u><br><br>Die oomblik as die kortverhaal klaar gelees is, hou 'n kompetisie. Gebruik die ***paneel*** onderrigstrategie .<br><br>Die paneel bestaan uit 10 lede. Die res van die klas stel vrae *(wat verband hou met die kortverhaal)* aan die paneel. Iemand hou telling van hoeveel vrae die paneel korrek kon beantwoord. | onderwyser vra deurlopend vrae<br><br>visuele of oudiovisuele voorstellings<br><br>leerders teken strokiesverhaal<br><br>selfevaluering<br><br>Kompetisie<br><br>Paneel | <u>**Swak siende**</u>: Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter *font* gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.<br><br>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.<br><br>Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal<br><br>Kry hulp van spesiale skole bv. braille<br><br>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op |

| | | | |
|---|---|---|---|
| uitsonderings in spelpatrone te identifiseer;<br><br>gebruik hoofletters en skryftekens korrek en doeltreffend (kappie, koppelteken, deelteken, afkappingsteken en aksentteken);<br><br>skep eie spellys vir moeilike woorde, veral woorde van oor die kurrikulum heen;<br><br>gebruik 'n woordeboek en tesourus om woordeskat en spelvermoë uit te brei;<br><br>gebruik afleiding, samestelling en alledaagse voor- en agtervoegsels (ook meervouds-, verkleinings- en geslagsvorme) doeltreffend om woordeskat uit te brei;<br><br>identifiseer en gebruik woordfamilies en woorde oor dieselfde onderwerp om woordeskat te ontwikkel;<br><br>verstaan en gebruik algemene sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme en een woord vir 'n omskrywing gepas binne konteks;<br><br>gebruik alledaagse afkortings en akronieme gepas.<br><br>As 2 Werk met sinne:<br><br>identifiseer en gebruik die volgende in konteks:<br><br>* selfstandige naamwoorde (soortname, eiename, versamelname),<br><br>* voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik),<br><br>* hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoord en koppelwerkwoorde), medewerkwoorde (hulpwerkwoorde) en deelwoorde (ook in vaste | Kies ‘n volgende paneel vir ‘n volgende bespreking. Dit is ‘n lekker oefening vir vaslegging en vir hersiening doeleindes.<br><br>Aktiwiteit 9 (**nabootsing/rolspel)**<br><br>Laat die leerders die kortverhaal rolspel. Hulle moet natuurlik die situasie sowel as die karakters getrou volgens die kortverhaal uitbeeld. Laat die leerders eksperimenteer met verskillende rolle en laat hulle uiting gee aan hulle eie gevoelens, vaardighede en reaksies.<br><br>Hulle moet mekaar evalueer volgens die kontrolelys.<br><br>Aktiwiteit 10 (**informele taak – word gevra in die eksamen)**<br><br>Laat die leerders ‘n **resensie** oor die novelle/kortverhaal/ sprokie/fabel skryf.<br><br>Die leerders moet voldoen aan die volgende vereistes by die skryf van resensies:<br><br>➢ Word die tema/lewensles aangeraak in die resensie?<br>➢ Watter soort novelle/kortverhaal/sprokie is dit? Bv. spanning, wetenskapfiksie, liefdesverhaal, riller)<br>➢ Wie is die teikengroep?<br>➢ Hou jy daarvan of nie? Gee redes.<br>➢ Gee jou resensie ‘n treffende titel.<br>➢ Skryf ‘n paragraaf waarin jy iets van die storie vertel.<br>➢ Skryf ‘n paragraaf waarin jy redes gee waarom jy van die boek hou of nie hou nie.<br>➢ Skryf in jou slotparagraaf ‘n gevolgtrekking of samevatting wat jou mening oor die | Rolspel/nabootsing<br><br>kontrolelys<br><br>Skryf ‘n resensie | jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse)<br><br>**Skryfprobleme**<br><br>Hou jou sinne kort<br><br>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf<br><br>**Disleksie:** Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| verbindings),<br><br>* adjektiewe (ook die verboë vorm, trappe van vergelyking en intensiewe vorme),<br><br>* bywoorde (ook in vaste verbindings),<br><br>* voegwoorde,<br><br>* determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde),<br><br>* telwoorde,<br><br>* tussenwerpsels,<br><br>* voorsetsels;<br><br>gebruik verskillende sinsoorte (stel-, vraag-, bevel- en uitroepsinne, asook instruksies);<br><br>identifiseer en gebruik sinsdele soos onderwerp, gesegde en voorwerp;<br><br>identifiseer en gebruik hoofsinne en bysinne (bywoordelike en byvoeglik) gepas;<br><br>gebruik tydsvorme konsekwent en gepas;<br><br>gebruik die korrekte woordorde in sinne;<br><br>gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) en verstaan wanneer elkeen gepas is;<br><br>gebruik die ontkennende vorm korrek;<br><br>gebruik punktuasie doeltreffend (punt, komma, dubbelpunt, kommapunt, vraagteken, uitroepteken, aandagstreep, hakies, aanhalingstekens). | storie/novelle/kortverhaal gee.<br><br><u>Aktiwiteit 11 (</u>**Hou 'n debat oor jou fabel)**<br><br>Die leerders word versoek om op die gedrag van verskillende spesies diere te let.<br><br>Vergelyk die leerders se eie waarnemings in die natuur met die gedrag van die diere wat in die fabel voorkom. Kyk of die natuur so "praat" soos die fabel sê en evalueer die egtheid van dit wat die fabel sê. Voer dan 'n debat oor die verskil tussen menslike geweld en geweld in die natuur.<br><br><u>Aktiwiteit 12</u><br><br>Kan jou leerders onderskei tussen die verskillende **voornaamwoorde**? *(persoonlike, besitlike, betreklike, vraende, onpersoonlike, onbepaallde, aanwysende vnwe)*<br><br>Voorsien die leerders van 'n paragraaf en laat hulle saam met 'n maat die korrekte voornaamwoord identifiseer tussen hakies.<br><br>Bv. Gaan haal die visstok *(waarmee)* ky die snoek uitgetrek het.<br><br>Antw: betreklike vnw<br><br>Jy kan ook vir die leerders 'n paragraaf uit die kortverhaal gee en vir hulle vra om al die voornaamwoorde te onderstreep en te kan verduidelik watter tipe voornaamwoord dit is.<br><br><u>Aktiwiteit 13</u><br><br>Vra die leerders om al die **samestellings** wat in paragraaf 2 van hul kortverhaal voorkom neer te skryf.<br><br>Of | Debat<br><br>Verduideliking aan mekaar<br><br>Verduideliking aan mekaar | <u>In die klaskamer</u><br><br>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is.<br><br>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.<br><br><u>Klaskameratmosfeer</u><br><br>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word<br><br>**<u>Hiperaktiewe kind:</u>** Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| As 3 Werk met tekste:<br><br>wissel die gebruik van kern- en ondergeskikte sinne (soos om die kernsin aan die einde te plaas) om samehangende paragrawe te ontwikkel;<br><br>gebruik verbindingswoorde (soos omdat, dus, alhoewel) om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel;<br><br>verbind sinne in samehangende paragrawe deur voegwoorde, voornaamwoorde en woordherhaling (waar gepas) te gebruik;<br><br>orden paragrawe in 'n logiese volgorde om langer tekste te skep.<br><br>As 4 Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:<br><br>gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte;<br><br>onderskei tussen formele en informele taalgebruik;<br><br>gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidioom gepas.<br><br>As 5 Ontwikkel kritiese taalbewustheid:<br><br>identifiseer taal wat iets anders beteken as wat gesê word - identifiseer geïmpliseerde betekenis;<br><br>identifiseer manipulerende taal;<br><br>identifiseer en gebruik woorde wat toenemende sensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.<br><br>As 6 Gebruik metataal:<br><br>gebruik byvoorbeeld terme soos "onderwerp", | Vra die leerders om in groepies van 3 te sien hoeveel verskillende **samestellings** kan hulle van die volgende woorde vorm? Gebruik elke samestelling in 'n goeie sin.<br><br>Bv. *ete, span, boek, broek, wurm, strand, seun, stok*<br><br><u>Aktiwiteit 14</u><br><br>Nuwe woorde word dikwels van 'n stam afgelei deur woorddele voor- of agteraan te voeg. Sulke woorde word **afleidings** genoem.<br><br>Vra die leerders om in pare saam te werk. Die leerders moet afleidings vorm van die volgende woorde. Hulle kan voorvoegsels en/of agtervoegsels gebruik. Gebruik elke sin dan in 'n goeie beskrywende sin.<br><br>Bv. *gryp, sny, spook, roep, handel, besoekel, vriend* | Huiswerk<br><br>Pare<br><br>huiswerk | Begaafde leerders moenie verwaarloos word nie.<br><br>Begaafde leerders se kennis en verwysingsveld moet uitgebrei word |

| | | | |
|---|---|---|---|
| "afkorting", "aanhalingstekens". | | | |

<u>Hulpmiddels:</u> Prente, Liedjies, Woordeboek, Stories, Skryfbord, Speletjie, Spreker, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte, advertensies, kundiges van buite

<u>Nabetragting:</u>